# WEER EENS 'N SKOONGEVEEGDE LEI? — AFREKENING MET EN NUWE SINGEWING AAN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS?

F.A. van Jaarsveld
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis,*
*Universiteit van Pretoria*
*0001 PRETORIA*

**Once again a clean slate? — Getting even with the old and creating a new synthesis of South Africa history?**

In this paper the problems arising from school history teaching in a future South Africa under a black majority government is considered.

The question is posed whether there will be a situation of getting even with the traditional white-centric image of the past, and whether, with the end of the old order, everything is to be rewritten afresh on a clean slate. A demonizing of the past should not be allowed again. However, with the reconstruction of a new image, a history without a past must be avoided. History must not be allowed to dictate to us but in our multi-cultural society it must be mastered mutually. Because the meaning of history (the idea of freedom for instance) is relative, a multiperspective approach must be encouraged.

In the light of the vast majority of schoolchildren of African origin, the question arises whether history will be Africanized as has been the case in many other African states. My advice is that a balance should be maintained between all contributors to the making of South African history.

In hierdie voordrag word die probleme van skoolgeskiedenisonderrig in 'n toekomstige Suid-Afrika onder 'n swart meerderheidsregering ontleed en die vraag gestel of daar 'n afrekening sal wees met die tradisionele Afrikanersentriese geskiedbeeld, en by die afskeid van die ou verlede alles nuut op 'n skoongeveegde lei begin sal word? Daar mag nie toegelaat word dat daar opnuut 'n demonisering van die verlede aangebied word nie. By die rekonstruksie van 'n nuwe beeld moet 'n geskiedenis sonder verlede vermy word. Geskiedenis mag nie ons meester wees nie, maar moet in 'n multikulturele samelewing gesamentlik bemeester word. Omdat die sin van die geskiedenis — die idee van vryheid byvoorbeeld — relatief is, moet multiperspektivisme bevorder word.

In die lig van die groot meerderheid skoolkinders van Afrikaherkoms bestaan die vraag of geskiedenis soos elders in Afrika geafrikaniseer gaan word. My advies is dat die balans tussen alle bydraes tot die geskiedenisproses bewaar moet word.

## In die skaduwee van apartheid: afskeid van die tradisioneel witsentriese geskiedbeeld?

Die tema wat handel oor die probleem van "verskillende vertolkings van verskillende aspekte" van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en hoe sulke "kontroversiële" temas in 'n "perspektiwiese" onderrig

op skool in die komende, "nuwe" Suid-Afrika aangebied moet word,[1] tesame met temas[2] van ander konferensies en bydraes[3] in historiese tydskrifte of in akademiese ondersoeke,[4] dui daarop dat geskiedenis vandag een van ons dringendste en moeilikste probleme in die wêreld van die onderwys geword het. Dit alles hang saam met die ommekeer wat in 1990 gemaak is op die dwaalweg wat in 1948 ingeslaan is: Met die veranderinge in 'n oorgangstyd staan ons as historici in die skaduwee van apartheid en sal ons, selfs nadat 'n nuwe Suid-Afrika tot stand gekom het, jarelank nog in die skaduwee van apartheid bly beweeg soos dit die geval met die Duitsers was, wat nà die nederlaag van 1945 vandag nog in die skaduwee van Hitler verkeer.

Ons verkeer in die grootste omwenteling sedert die koms van Van Riebeeck. Die bittere besef het deurgebreek dat, anders as in die geval van die twee Amerika's, Kanada, Australië en Nieu-Seeland, die kolonisasie van Suid-Afrika nie blywend was of kon wees nie:[5] Tradisionalistiese blankes — konserwatiewe Afrikaners in besonder — het na 2 Februarie 1990 tot die besef gekom dat hulle na meer as 300 jaar verblyf in hierdie land tot 'n volk sonder "eie" staat of land geword het, hulle dus in 'n soort Babiloniese gevangenskap bevind. Aan die einde van die 20ste eeu het die besef deurgebreek dat die Afrikaners die grootste nederlaag in hulle geskiedenis gely het, naamlik 'n politieke nederlaag teen Afrika en sy bondgenote, wat 'n regerende minderheidsgroep binnekort in 'n geregeerde, magtelose kultuurgroep, 'n groep sonder grense tussen al die mense onder 'n meerderheidsregering gaan verander. Dit beteken dat, na meer as 300 jaar van wit bewind die onafhanklikheid en volkssoewereiniteit vrywilliglik opgegee word, en in die belang van 'n uitbreidende demokrasie wat die totale bevolking polities gaan bestemreg, die blankes tot onderdane van die jongste Afrikastaat gaan laat word: Die Afrikaner-RSA van 1961 sal dan via die brug van die 1983-grondwet in 'n Afrika-RSA verander. Onder 'n vierde grondwet sal dan die Derde Republiek — 'n Swart Republiek — opgerig word, wat Afrika sy bestemming sal laat bereik, naamlik om van Kaïro tot Kaapstad deur sy meerderheid inheemse inwoners geregeer te word.

Word aan die politieke bestel van die hede verander, kom daarmee ook die ondergrond, die historiese bestel in die gedrang. Dit is teen hierdie agtergrond dat oor die posisie van en probleme rondom geskiedenis op skool aan die lopende band besin word. Nog voor die val van Afrikanermag op 2 Februarie 1990, is al begin met die afrekening met die tradisionele wit voorstellinge van die Suid-Afrikaanse verlede wat op die historiese idee van n wit Suid-Afrika gebaseer was, 'n idee wat met die val van die Westerse mag en koloniale ryke ná 1945, sterk aangespreek is, en waarteen die ideologie en politiek van apartheid wal gegooi het, egter tevergeefs. In 1990 moes die knie gebuig, en erken word dat dit 'n mislukte sosiaal-ekonomies en politieke eksperiment was, waaronder talle foute begaan is. Dit herinner aan Europese geleerdes wat na 1945 ook afgereken het met die tradisioneel Eurosentriese voorstelling van die wêreldgeskiedenis, om byvoorbeeld aan Alfred Weber,[6] G. Barraclough[7] en Hans Freyer[8] te dink. Hulle het die klem op die orige wêreld geplaas soos dit die geval ook met A.J. Toynbee was.[9]

---

Voordrag gehou op 19 Januarie 1994 by geleentheid van 'n konferensie oor skoolgeskiedenis van die S.A. Historiese Genootskap te Stellenbosch.

2. Kyk byvoorbeeld die tweejaarlikse konferensie van die S.A. Vereniging vir Geskiedenisonderrig, Pretoria, 1992, waarin onder andere gepraat is oor "The future of History as a school subject" (P.H. Kapp) en "Why South African history must be rewritten" (J.S. Mohlamme).
3. Soos byvoorbeeld P.H. Kapp, "Doelstellings, doelwitte en kriteria", *Gister en Vandag*, Nr. 24, Okt. 1992, pp. 3-10.
4. R.E. Chernis, *The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990*, D. Phil.-dissertasie, Universiteit van Pretoria, 1990, 388 pp.
5. P. de Klerk, *Blywende kolonisasie?* P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1975, pp. 180 en 104.
6. *Abschied von der bisherigen Geschichte*, Bern, 1946, p. 11.
7. *History in a changing World* (Oxford, 1957), pp. 203 en 205.
8. *Weltgeschichte Europas I en II* (Wiesbaden, 1948).
9. *Civilization on Trial* (Oxford, 1948).

Uit verset teen die tradisioneel "koloniale" en Afrikanervoorstelling van die Suid-Afrikaanse verlede, het die bevrydingsbewegings en hulle merendeels Engelssprekende simpatiseerders met die "dekolonisering" van die geskiedenis begin en die tradisionele blanke geskiedbeelde verafrikaniseer, dit wil sê die verlede uit 'n swartmanstandpunt gehervertolk soos dit die geval ná dekolonisasie elders in Afrika was. Die "alternatiewe" geskiedenisvoorstellings het sedert die jare sewentig onder verskillende vlae gevaar: Afrikanisties, revisionisties, neo-Marxisties, radikaal, wat alles van die wortel af wou herskryf en kommunikatief-bevrydingsideologies, die "people's history"-van-onder, wat 'n protes was teen die wit elitegeskiedenis-van-bo. Die ou geskiedbeeld soos dit in skoolgeskiedenis vergestalt is — die nog bestaande wit- en Afrikanergesentreerde voorstelling wat aan 'n wit en apartheid-Suid-Afrika uitdrukking gee — sal noodwendig vervang word met 'n Afrosentriese geskiedbeeld wat 'n meerderheidsregering wenslik ag om 'n Afrika-identiteit en -bewussyn vir die nuwe staatsbestel te fundeer.

Wat 'n toekomstige swart regering vir die toekoms as perspektief stel, sal die uitleg van die verlede bepaal, naamlik 'n bevrydingsgeskiedenis soos dit die geval in ons noordelike buurstaat was: Die wit geskiedbeeld van Rhodesie is na 1980 vervang met 'n swart verledevoorstelling van Zimbabwe. Ook uit Afrikanergeledere is logieserwys erken dat die eie, nl. 'n versteende, amptelik-tradisionalistiese geskiedbeeld, nie meer in die nuwe situasie deug nie.[10] Die vraag het ontstaan wat in die plek daarvan moet kom — 'n hersiening en herskrywing van die "amptelike" geskiedbeeld en sy vervanging deur 'n *Afro*sentriese? — 'n probleem waarmee historici, opvoedkundiges en politici hulle al vir 'n geruime tyd besig hou.

## 2. Onder 'n toekomstige bedeling: opnuut 'n demonisering van die verlede?

Die traumatiese oorgang van 'n Afrikaner-RSA na 'n Afrika-RSA wat 'n krisis in die historiese bewussyn en identiteitsvraagstuk gebring het, het 'n presedent gehad, naamlik aan die begin van die 20ste eeu, toe die Boererepublieke na 'n militêre nederlaag by die Ryk ingelyf is en Britse onderdane geword het, dit wil se die onafhanklikheid, selfbeskikking en volksoewereiniteit teen wil en dank opgegee is. Die diskontinuïteit met die trotse ou verlede het tot 'n nederlaagsmentaliteit gelei waaruit 'n 20ste-eeuse nederlaagshistoriografie gevolg het — die uitdagende en regstellende volksgeskiedenisvoorstelling. Aspekte van die Britse behandeling van die Afrikaners uit die Boer-Britstryd is gedemoniseer, om byvoorbeeld aan die konsentrasiekame te dink. Dit was 'n stuk verlede van Afrikaner-nasionalistiese kant wat die kultuur- en politieke leiers nie wou laat verbygaan nie: Soos 'n altyd-aanwesige, haas-onsigbare gas — 'n soort spookgestalte — was dit tot 1961 en later, steeds by gesprekvoering, kultuur- en politieke vergaderings en in skoolboeke aanwesig, en dié het tydig en ontydig verwytend gevra: Waarom het julle Britte 26 000 vrouens en kinders in die kampe om die lewe laat bring?

Vroeër, in die 1 9de eeu, selfs tot diep in die 20ste eeu, is ook Slagtersnek, John Philip en Dingaan gedemoniseer. In die lig van die Britse imperialisme en onderdrukkingservaring het die spookagtige skim voortdurend oor eersgenoemde verwyt: Waarom het julle in 1816 vyf Afrikaners in die openbaar opgehang? En: Dr. Philip, waarom het jy die Afrikaners beswadder en gelykstelling verkondig? Op 16 Desember — Dingaansdag — het die historiese dwaalgees jaarliks aangekla: Barbaarse wreedaard, waarom het jy Piet Retief en sy makkers en so baie vrouens en kinders in Natal laat vermoor? Preller het met Dingaan en die Britse historiese voorstellinge oor die Afrikaners in die hof van die volksgeskiedenis afgereken, hulle skuldig bevind en gevonnis.

'n Mens kan jou voorstel dat dit met apartheid in die komende Afrika-RSA nie anders sal gaan nie. Die term is van die begin af gedemoniseer: Rassisme en onderdrukking sal jarelank daaraan verbind bly soos dit die geval met Nazisme was: Dit sal 'n stuk verlede word wat 'n swart regering

10. Vgl. bv. H.J. van Aswegen, *History of South Africa to 1854* (Pretoria, 1990), 312 pp.

nie sal wil vergeet of laat oorwaai nie. Soos 'n skrikwekkende spookgestalte sal dit ook tydig en ontydig vra: Waarom het julle teen swart en bruin Suid-Afrikaners gediskrimineer — hulle onderdruk, onmenswaardig behandel, gedwing om te verskuif, verneder en doodgeskiet? Dit sal herinner aan die beskuldigende skim wat tot vandag toe by die Duitsers spook: Waarom het julle ses miljoen Jode vermoor?[11]

Die vraag oor apartheid sal waarskynlik kunsmatig aan die lewe gehou word om bindinge te verskaf wat op griewe teruggaan, vergelykbaar met Afrikanergriewe teen die Britse politiek wat ook in skoolboeke bly spook het. Die Afrikageskiedbeeld wat aan kinders geleer sal word, sal die nuwe staat moet legitimeer en 'n Afrika-identiteit help fundeer, wat die Suid-Afrikaanse verlede hoofsaaklik as 'n swart weerstands- en bevrydingsverlede gaan voorstel. Soos daar 'n anti-Britse element in die Afrikaners se verledebeeld was, so sal daar moontlik 'n anti-Afrikaner element in die swart geskiedbeeld ingebou word. Nuwe helde sal moontlik in skoolboeke verskyn, merendeels swart leiers, terwyl apartheidsleiers gedemoniseer mag word. Hulle sal in die beskuldigde bank van die "people's history" verskyn, veroordeel en gevonnis word, soos dit in Afrikanerskoolboeke die geval met byvoorbeeld Somerset, Glenelg, Shepstone, Rhodes, Chamberlain en Milner was.

Klem sal moontlik gelê word op historiese griewe teen apartheid en die heldedade verrig gedurende die swart weerstandsbeweging en die bevrydingstryd — "the struggle" — waaraan die status van 'n militêre oorwinning verleen sal word asof dít ware demokrasie en vryheid vir Suid-Afrika gebring het. Wit kinders sal moontlik op skool geleer word van die misdade van hulle vaders gepleeg onder die stelsel van apartheid; hulle sal leer dat hulle voorouers rassiste en skenders van menseregte was, waaroor hulle skaam moet voel, en waarvoor hulle en hul kinders onder die las van 'n kollektiewe skuld waarskynlik dekades lank sal moet boet soos dit die geval met die Engelse onder 'n Afrikanerregering en die Duitsers ná 1945 was.

### 3. 'n Skoongeveegde lei: die rekonstruksie van 'n geskiedenis sonder verlede?

Dit is hierdie moontlikheid wat met die oog op die toekoms enkele politieke leiers van vandag beweeg het om hulle, gesien die spanninge in die hede, oor die verlede uit te laat, wat nie nuut is nie, want ná die Boerenederlaag van 1902 en die "nuwe begin" met Unie in 1910, was daar van sowel Engelse as Boerekant pleidooie vir 'n "skoongeveegde lei" en 'n "vergewe en vergeet"-houding — dít met die oog op "versoening" en 'n "nuwe begin", wat in die loop van die 20ste eeu niks opgelewer het nie. Op 9 Augustus 1992 het dr. Mandela in Oos-Londen 'n beroep gedoen op alle Suid-Afrikaners "to forget the past, to concentrate on building the future and let 'bygones be bygones'". Asof hy teruggeskrik het vir sy raad, het hy sy gehoor daaraan herinner dat die regering-De Klerk 'n agtergrond het "of the most brutal system of racial discrimination, and it is not easy for them to crawl out of the prejudices of the past".[12] Oor die verlede van die ANC het Mandela sy gehoor herinner: "Our background is as a resistance movement and it is not easy to convince members that the moment has come to act like a government-in-waiting", maar hulle is vermaan: "We need peace and should not be detracted by the heritages of the past still haunting us".

Asof pres. De Klerk nie wou agterstaan by sy swart kollega nie, het hy op 25 September 1992 uitgeroep: "It is time that the slate is cleaned and that a situation is created where we can get away from disputes and arguments, to find future-orientated solutions". Hy het sy oog oor die historiese landskap laat gaan en bygevoeg: "In a time of hope, following a period of violence, the past must be wiped out and a new beginning made. We are at the crossroads, and we need to turn our back on the past, clean the slate and remove retribution from our political vocabulary ... We need to

11. Serie Piper, *Historikerstreit: Die Dokumentation der Kontroverse um die Einzigartigkeit der nationalsozialistischen Judenvernichtung* (München, 1987), p. 30 ev.
12. *Citizen*, 10-8-1992, p. 2.

forgive, and we need to start afresh",[13] wat beteken dat die boek oor Suid-Afrika se apartheidsverlede finaal toegemaak moet word.

Die ANC en sy bondgenote het by meer as een geleentheid verwag dat De Klerk die "misdade" wat onder apartheid begaan is in die openbaar moet bely, en aan swart en bruin Suid-Afrikaners onvoorwaardelik om verskoning vra, waarop dan 'n beroep op vergewing en versoening mag volg. Op 9 Oktober 1992 te Winburg, het De Klerk vir die eerste keer so naby gekom om in soveel woorde skuld vir die apartheidspolitiek te aanvaar. Hy het erken dat die Afrikaners "foute" in die verlede begaan het, dikwels "gesondig" en ook "gedwaal" het, wat tot "diskriminasie" gelei het. Te lank het hy gesê, is vasgehou aan "'n droom van geskeide nasiestate", toe dit reeds duidelik was dat dit nie kon slaag nie.[14] Op 29 April 1993 het De Klerk in Kaapstad nog verder gegaan deur te sê "he was deeply sorry for the racism which developed out of apartheid". Die woorde "deeply regret" het vir hom veel verder gegaan as "saying sorry".[15]

In die lig van Mandela en De Klerk se raad om die verlede te vergeet en op 'n skoongeveegde lei alles nuut te begin, kan gevra word of dit beteken dat slegs eietydse geskiedenis op skool toegelaat sal word, bedoelende daarmee die totstandkomingsgeskiedenis van die nuwe, Afrika-RSA. 'n Proef van hierdie soort geskiedenis word gevind in John Pampallis, 'n lid van die ANC, se *Foundations of the New South Africa*,[16] 'n skoolgeskiedenis tot matriekstandaard wat as doel het om leerlinge voor te berei "to serve the national liberation struggle of the people ... in the phase for the seizure of power and the post-liberation struggle" — 'n boek wat in 1991 verskyn het. Hy laat die grondslae vir die nuwe Suid-Afrika by die mynbourevolusie begin, waarvan die voorgeskiedenis uitgesluit is, en waarin 'n swart weerstands- en bevrydingsgeskiedenis sentraal staan. Die universele raamwerk waaruit geskiedenis verstaan behoort te word, het daaruit verdwyn.

Oor Nederlandse en Britse goewerneurs, Voortrekker- en Republikeinse leiers en koloniale staatsmanne, sal waarskynlik weinig of nie veel onder 'n nuwe bedeling geleer word nie. Werkstukke oor die begrip vryheid, sal waarskynlik deur swart leerlinge gemaak word, maar die begrip vryheid soos deur Paul Kruger voorgestaan, het uit Pampallis se historiese aanbieding verdwyn. Die Nederlandse joernalis, Jan Blokker, het daarop gewys dat in die moderne Nederland skoolkinders oor die "skrikbewind" van Pretoria moes leer, "maar het begrip Boeren zegt ze niks, en de burgemeester van Amsterdam staat trouwens al op het punt het Paul Krugerplein te herdopen in Nelson Mandelaplein ... Hun geschiedenis begint nu: die heeft, inderdaad, geen verleden meer".[17] Nader tuis, as die verlede "vergeet" en op 'n "skoongeveegde lei" alles "nuut" begin moet word, sal die kinders van die nuwe, Afrika-RSA geen verlede meer kan hê nie; hulle geskiedenis sal dan ook kontemporêr moet begin. Wanneer basies 'n swartsentriese geskiedenis op skool aangebied gaan word, kan dit vir die blankes ook 'n geskiedenis sonder verlede meebring, dit wil sê 'n Suid-Afrikaanse geskiedenis sonder agtergrond, fondament of universele perspektiewe in wêreldverband, wat hulle herkoms, wording en ervaring in die duister gaan laat — 'n ondergangsverlede.

## 4. Sal geskiedenis in die nuwe Suid-Afrika ons meester wees, of moet dit gesamentlik bemeester word

Daar was gevalle waar geskiedenisonderrig op skool na groot omkere tydelik afgeskaf is met die oog op passifikasie. Na die Boerenederlaag in 1902 het lord Milner vaderlandse geskiedenis voorlopig

13. *Citizen*, 26-9-1992, p. 2.
14. *Beeld*, 10-10-1992, p. 1; *Citizen*, 10-10-1992, p. 1.
15. *Citizen*, 30-4-1993, p. 1.
16. Kaapstad, 1991, 327 pp.
17. *De Volkskrant* (Kees Fens), *Geschiedenis zonder verleden? Over Nederlandse identiteit en geschiedschrijving*, Koggeschip, 1990, p. 42.

verbied en slegs Brits-imperiale geskiedenis laat aanbied met die oog op 'n heroriëntering in die nuwe staatsbestel wat diskontinuïteit met die verlede gebring het. Na die Duitse nederlaag in 1945 het die Besettingsmagte met die oog op denazifisering ook tydelik met die geskiedenis weggedoen. Vir die Duitse geleerdes was die vraag wat om met die tydperk 1933-1945 te maak: Moes dit uit die tradisionele geskiedbeeld uitgeskakel word, of moes verantwoordelikheid in die vorm van kollektiewe skuld daarvoor aanvaar en verskoning gevra word, of moes dit by die ou verlede geïntegreer en dus bestudeer word? Rondom hierdie vraag wat na 'n vlug van die verlede gelei het, het die begrip "Geschichtsbewältigung"[18] ontstaan, dit wil sê 'n worsteling om 'n stuk verlede wat soos 'n Frankensteinmonster teenoor hulle gestaan het, onder die knie te kry.

Wat Suid-Afrika betref: Na die Boerenederlaag van 1902 is op die herstel van vaderlandse, dit wil se Boeregeskiedenis aangedring. Dit het in 'n nasionalistiese fase in die vorm van volksgeskiedenis tot die tugmeester oor die Afrikanerdom van die 20ste eeu geword. Voordat 'n stap vorentoe gegee is, is eers teruggekyk: Die politieke handeling is deur die historiese bewussyn bepaal. Daarin is politieke ammunisie gevind om die teenstanders mee te beveg, maar ook inspirasie om tradisies te handhaaf en die toekoms mee te bou. Na 1948 is 'n apartheidsgeskiedbeeld op die bevolking afgedwing wat nou sy einde bereik het. Die toekomstige geskiedbeeld vir 'n Suid-Afrikaanse geskiedenisonderrig sal deur die swart oorwinningsmag bepaal word met die doel om 'n Afrikabewussyn en -identiteit te fundeer, dit wil sê dit sal 'n krag word in die diens van die hede. Daarin kan die apartheidsverlede aangewend word in die belang van bindkragte met die oog op politieke solidariteit, wat egter tot 'n aanklag teen die blanke minderheidsgroep kan lei, en derhalwe teenreaksies wek.

Met die nederlaag van apartheid in 1990, het 'n soortgelyke probleem vir die Afrikaners as vir die Duitsers in 1945 ontstaan, nl. wat om met die apartheidstydperk te doen — sy begin in 1948 wat as 'n "triomf" van Afrikanernasionalisme, 'n "waterskeiding" en die "terugkry" van Suid-Afrika geloof is. Moet dit as 'n voortsetting van die trotse historiese strewe na Afrikanervryheid gesien en by die geskiedbeeld geïntegreer word, of moet dit liewer met skaamte daarvan uitgesluit word, omdat dit van agterna bekyk, as "demonies", "onderdrukkend" en "imperialisties" vertolk kan word, en dus 'n sluier verdien? Ook vir die Afrikaners het die tydperk 1948-1990 die gestalte van 'n soort Frankensteinmonster aangeneem wat bemagtig moet word.

President de Klerk het blyke gegee van 'n worsteling met die apartheidsverlede met die oog op die bemagtiging daarvan. Op 29 April 1993 het hy in Kaapstad beweer dat, as hý die verlede "ongedaan" kon maak, hy apartheid met alles wat dit meegebring het, nie sou toegepas het nie om byvoorbeeld aan gedwonge verskuiwings (Distrik Ses), instromingsbeheerregulasies en ekonomiese beperkinge te dink, waardeur die vryheid en waardigheid van swart en bruin Suid-Afrikaners aangetas is.[19] Dit was verskonings wat nie vir die ANC aanvaarbaar was nie.[20] Die verlede laat hom nie verander of ongedaan maak nie, foute bly foute en buitendien is daar geen staatsman wat nie foute begaan het nie, waarop die ANC-leiers geen uitsondering is nie.

Blykbaar na aanleiding van die links-liberale[21] en radikale[22] verledevoorstellings het De Klerk op 9 Oktober 1992 verklaar: "Daar is magte en kragte wat Suid-Afrika se geskiedenis wil manipuleer om dit as donker, onderdrukkend en deur en deur as onregverdig voor te stel". Synsinsiens sou die Afrikaners en "miljoene" ander Suid-Afrikaners dit "nie duld" nie — asof hý dit

---

18. Vgl. bv. Armin Mohler, *Geschichtsbewältigung*, (Krefeld, 1980) en *Geschichtsdidaktik*, 6/2, 1981, pp. 143-158 en 10/3, 1985, p. 236.
19. *Citizen*, 30-4-1993, pp. 1-2.
20. *Citizen*, 5-5-1993, p. 4.
21. Hier kan gedink word aan bv. L.M. Thompson se *A history of South Africa* (Yale, 1990), pp. 31 en 70, waarin van die blankes as "invaders" gepraat word en 'n uiters negatiewe voorstelling van die apartheidsverlede aangebied word.
22. Vgl. teks voor voetnoot 16 in verband met John Pampallis.

sou kon verhinder! Hy het bygevoeg: "Daar durf nie toegelaat word dat 'n nuwe bedeling ['n Swart SuidAfrika?] 'n ketterjag begin, en die geskiedenis probeer afbreek nie ... Geskiedenis is geskiedenis en elke volk en taalgroep sal geregtig bly om met trots — en soms ook met skaamte — hul geskiedenis te herdenk en in ere te hou".[23]

Hierdie uitspraak bots lynreg met De Klerk se siening dat geskiedenis soos van 'n skoongeveegde lei verdwyn en die rug daarop gekeer moet word,[24] wat dui op die intellektuele verwarring wat by Afrikanerleiers ingetree het. De Klerk wat op die verdediging gedwing is, het ontken dat die Afrikaners "boos, kwaadaardig en gemeen" in hulle geskiedenis was: Die "strewe na geregtigheid" loop synsinsiens soos "'n goue draad" deur hulle verlede. Hy was oortuig dat, binne die raamwerk wat "internasionaal" geldig was, die Afrikaners oorhoofs "'n eerbare geskiedenis" het, waarop hulle "trots" kan wees.[25] Moontlik het De Klerk hom herinner aan sy voorganger, pres. Paul Kruger, wat na aanleiding van die 1902-nederlaag en in 'n oorgangstyd en onsekere toekoms, die Afrikaners in 1904 aangeraai het om alles wat edel en goed is uit die verlede te neem en die toekoms daarop te bou. Dit herinner aan wat Van Zyl Slabbert in 1992 geskryf het: "As long as the impact of the past on the present is not ignored when the future is negotiated, it is a quest worth pursuing with as much vigour as the extraordinary people of South Africa can muster".[26]

Die verlede kan toekomstig nie meer die meester van die Afrikaners wees nie. Dit sal eerder vanweë die swartes se ervaring onder apartheid, op grond van 'n morele probleem bemeester moet word. Onder die bemeestering van die verlede moet eerder verstaan word die gesamentlike worsteling met die geskiedenis met die oog op die vinding van 'n gemeenskaplike grondslag vir toekomstige leerplanne en skoolboeke. Waar die feite van die verlede onveranderlik is, is geskiedenis as geestesproduk veranderbaar, dus hersien- en herskryfbaar, waaroor moontlik, soos by 'n "Kodesa", konsensus bereik kan word. Die Afrikaner se geskiedbeeld wat in die stryd tussen Boer en Brit gevorm is, het met die ineenstorting van die grond waaruit dit ontstaan het, sy relevansie vir die hede verloor, nl. in die tyd van 'n swart politieke magsoorname. Dit sal die Afrikaner dwing om die sin van hulle geskiedenis in Afrika opnuut te bepaal.

## Politieke mag en singewing aan die geskiedenis

In tye van krisis, veral oorgangstye, is wêreldwyd met die vraag na die sin van die geskiedenis geworstel[27], wat ook skoolgeskiedenis raak. Dit is 'n vraag waarop menslikerwys nog nooit 'n afdoende antwoord gegee kon word nie. Ons het nog altyd te doen gekry met singewing wat relatief en dus verganklik is. Dit dui op 'n meningvoudigheid van wisselende standpunte. Dit is ook waar van die RSA met sy diversiteit van kultuurgroepe.

Daar is 'n verband tussen die uitoefening van politieke mag en die sin van die geskiedenis. Die Afrikaners byvoorbeeld het die sin van hulle bestaan in Afrika in verband gebring met Nederland en die Kompanjiesbewind wat beslag aan 'n nuwe volk en taal gegee het. In die Engelse tyd was dit vir hulle 'n stryd tussen Boer en Brit om óf die vryheid te verkry óf te behou. Vryheid het dus sentraal gestaan. Die Britte het geglo dat hulle vryheid van Kompanjies-onderdrukking, van Boererepublieke en van swart koninkryke vir alle mense in die land gebring het. Die nasionalistiese Afrikanerdom het die sin van hulle 20ste-eeuse geskiedenis gesien as die verkryging van vryheid van die Britse imperialisme in 1948 en 1961, en deur die apartheidsbeleid 'n veilige, "eindbestemming" vir die Afrikaners van die toekoms — die "Republiek van Duisend Jaar" (Watermeyer).

---

23. *Beeld*, 10-10-1992, p. 1.
24. *Citizen*, 26-9-1992, p. 2.
25. *Beeld*, 10-10-1992, p. 1; *Citizen*, 10-10-1992, pp. 1-2.
26. *The quest for democracy — South Africa in transition*, (Penquin, 1992).
27. Vgl. bv. Golo Mann, Karl Löwith e.a., *Der Sinn der Geschichte*, München, 1961, p. 8.

Afrikanerkinders is geleer dat God mense uit Europa — Geus, Hugenoot en Duitser — - "geroep" en in Afrika "geplaas" het om in die "Donker Kontinent" tot vrye volk te word wat hom tot in lengte van dae self sou regeer. Daarom dat Psalm 80 verse 9 en 10 historiese betekenis gehad het:[28] "'n Wingerdstok het U uitgetrek uit Egipte, U het die nasies uitgedrywe en hom geplant, U het voor hom plek gemaak, en hy het sy wortels laat ingaan en die land vervul". Dit het eerder om singewing as sinsuitleg gegaan, waarin religieuse beginsels, lewens- en wereldbeskouing en 'n totaliteitsiening van die verlede, sy verloop en rigting, 'n rol gespeel het. Daarom dat die ommekeer van 2 Februarie 1990 op "Die Pad van Suid-Afrika" so 'n onverwerkbare kultuurskok gebring het, wat die sinsvraag sedertdien eerder na verse 13-20 van Psalm 80 laat verskuif het, naamlik "Waarom het U (die wingerdstok) se mure stukkend gebreek, sodat almal wat met die pad verbygaan hom kaalpluk" en die "wilde vark uit die bos" hom opeet?

Vir vele is dit of daar nou 'n trek uit Kanäan terug na Egipte is[29]. Vir talle Afrikaners het geskiedenis sy sin verloor. Die rede is dat singewing aan die verlede afhanklik is van 'n positiewe toekomsideaal. Toe die perspektief vir die toekoms onverwags van afsonderlikheid na integrasie en van selfbeskikking na 'n nuwe onderdaanskap verskuif het, het verwarring met die vertolking van die verlede, die verstaan van, en oriëntering in die hede, ingetree, wat tot onsekerheid, vertwyfeling en vrees vir die toekoms lei: Het God dan die Afrikanerdom in Afrika geplant om, na so 'n lang tyd van onafhanklikheid en selfbeskikking, tot oorwonne, magtelose onderdane van 'n Afrikastaat te laat word, en daarmee weer soos na 1902 uit die sig van die wêreld te laat verdwyn?

Met die ontwikkeling van nasionalisme, 'n historiese bewussyn en identiteitsgevoel, het swart- en bruinmense ook sin aan hulle landsverlede gegee, wat lynreg teenoor die van die blankes staan, naamlik die oopstelling van die binneland vir beskawing en Christendom teen Swart weerstand in. Die alternatiewe singewing, geïnspireer deur 'n bevrydingsideologiese standpunt, kom daarop neer dat die inheemses sedert 1652, bewustelik weerstand teen blanke indringing, verowering, onderwerping en onteiening van die swart "vaderland" gebied het. Dit het die vorm van tientalle oorloë aangeneem met die doel om die vryheid en die land te behou, onder andere aan die oosgrens en in die binneland. Onder die vuurwapen is uiteindelik geswig voor die mag van die "setlaars" en "uitlanders" — imperialistise en kapitaliste — wat die idilliese, voorkoloniale en voorkapitalisties-industriële swart samelewing versteur, en die ware eienaars van die land bewustelik tot 'n plattelandse en stedelike proletariaat omskep het — ekonomies uitgebuit en maatskaplik en polities deur die weerhouding van die stemreg ten agter gestel.

Die stryd aan die oosgrens en binneland is sedert 1912 op transetniese, politieke vlak deur die ANC voortgesit, eers konstitusioneel, maar toe, as gevolg van die onderdrukking onder apartheid sedert 1948, en as protes teen verbanning en die totstandkoming van 'n eksklusiewe Afrikaner-RSA, is in 1961 tot die slagveld wat in die 19de eeu opgegee is, teruggekeer. Deur 'n gewapende stryd en massabetogings wat internasionale steun, onder andere deur sanksies, verwerf het, is die Afrikaner-"regime" in 1990 tot kapitulasie, abdikasie en integrasie gedwing, wat 'n einde aan die mislukte derde grondwet vir die tweede republiek van 1983-84 gemaak het, en wat die vrygelate Nelson Mandela tot die eerste swart president van 'n nie-rassige demokratiese eenheidstaat in 1994 sal laat word, wat ook die Afrikaners sal regeer en apartheid tot 'n nederlaagsgeskiedenis degradeer.

Die sin van die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestaan dus daarin dat, na 'n eeuelange "struggle" teen wit oorheersing, die swart vaderland van "die Boere" en ander setlaars bevry is, en 'n nuwe Afrikastaat tot stand gekom het, wat in Afrika- en Statebondsverband ingeskakel sal word — 'n ironie van die geskiedenis as aan 1961 gedink word! "Vryheid" staan dus sentraal as sin van die geskiedenis, soos dit ook die geval met die Afrikaners in hulle stryd teen die Britse imperialisme was. Vryheid is dus 'n relatiewe sinbegrip. Dit kan verwag word dat, soos die Afrikaners ná hulle

---

28. Vgl. bv. C.P. Bezuidenhout, *Geschiedenis van het Afrikaansche geslacht* (Bloemfontein, 1983).
29. Vgl. bv. *Citizen*, 8-6-1993, p. 8, "Afrikaners retreat in the New Trek" deur A. Ferreira.

nederlaag in 1902, geskiedenis verpolitiseer en verideologiseer het, dit ook die geval sal wees met die swartes na hulle politieke oorwinning. Oor die benutting van geskiedenis op skool vir regverdigings-, politieke-, oriënterings- en identiteitsdoeleindes, laat *Alternative Education* van Randall van den Heever[30] en *Foundations of the New South Africa* van Pampallis ons in geen onsekerheid nie.

## 6. Afrikanisering: 'n Komende swartsentriese geskiedbeeld vir 'n oorweldigende meerderheid swart skoolkinders?

Omdat skoolgeskiedenis met sy universele doelstellinge van legitimering van die bestaande orde, oriëntering op die kennisbelange van politieke magsdraers en hulle doelstellinge, en die fundering van identiteit vir die staat en samelewing, dwarsdeur die geskiedenis van Suid-Afrika omstrede was, kan 'n mens verwag dat dit ook die geval onder die komende swart meerderheidsregering gaan wees.

Nadat die veelparty-onderhandelingsraad sy werksaamhede in Desember 1993 te Kemtonpark afgehandel en die Parlement die oorgangsgrondwet aanvaar het en 'n oorgangsuitvoerende raad ingestel is met die oog op toesighouding op die eerste nie-rassige demokratiese verkiesing, waarin alle Suid-Afrikaners die stemreg op 27 April 1994 sal uitoefen, sal die nuwe, swart meerderheidsparlement wat tegelykertyd as grondwetgewende vergadering sal optree, die regering by die Nasionale Party oorneem en 'n finale grondwet opstel, wat moontlik in 1999 in werking sal tree, nadat, tussen 1994 en 1999, 'n oorgangsregering van nasionale eenheid en magsdeling, tydelik gefunksioneer het. Vanaf 1999 sal die swart meerderheid in 'n nuwe swart Afrikastaat regeer. Dié sal die mag hê om geskiedenispolitiek alleen te bepaal.

Wat gaan tot die einde van die eeu met die onderrig van geskiedenis gebeur? Niemand weet nie. Tans word nog aan die ou leerplanne en skoolgeskiedenisboeke van die NP-bedeling vasgehou. Op 15 Junie 1993 het Mandela hom soos volg oor die onderwys uitgelaat: "The content of education remains the same. The content mirrors no changes in the country nor elsewhere in the world. It remains static. Instead of the syllabi reflecting the community, it reflects the narrow political interests of the National Party",[31] wat veral op skoolgeskiedenis betrekking het.

In die bestaande onderwysstelsel bestaan daar veertien departemente waarin rekening gehou moet word met 64 verskillende wette. In hierdie stadium weet ons nie of die nuwe grondwetlike bedeling uit 'n unitêre of federale staat sal bestaan nie, maar dit lyk of 'n nuwe onderwysstelsel vir die hele bevolking onder één ministerie sal val, wat die onderwysbeleid sal uitstippel. Onder so 'n superministerie sal hoogswaarskynlik 'n aantal streeksdepartemente ressorteer met betreklike outonomie vir elkeen, om tegemoet te kan kom aan die spesifieke onderwysbehoeftes in die verskillende streke. Hoe lank die bestaande leerplanne en skoolboeke nog behou sal word, weet ons nie. Almal voel die noodsaak vir vernuwing en die heropstelling van sillabusse en skoolboeke. Dit sal tyd, kundigheid en geld vereis.

Dit is nou al duidelik dat op grond van getalle die belange van die swart gemeenskap voorop gestel sal word. Volgens die 1991-sensus was daar 28 397 091 **swartes teenoor** 5 068 110 blankes, 3 285 718 bruines en 986 620 Asiate in die RSA. Dit val op dat die kieserskorps volgens die terminologie van die ou bedeling vir 70,6 persent uit Swartes, 15,8 persent blankes, 10,5 persent Kleurlinge en volgens skatting in 1993 3,1 persent Asiate bestaan. In 1991 was daar 5,5 miljoen swart leerlinge op die laer- en hoërskool, in 1992 meer as 6 milloen (die vier onafhanklike swart state uitgesluit) en na skatting sal dit in die jaar 2000 elfmiljoen wees. Hierby kom dat tussen 3,5 en vyfmiljoen swart kinders tot nog toe nie eens skole besoek het nie. Na skatting was in 1991 40

30. Redakteur vir 'n UTASA-publikasie, 1987, "Vision for a democratic alternative", pp. 13-24. Kyk ook W.M. Tsotsi, *From chattel to wage slavery, a new interpretation of South African history*, (Maseru, 1981) en F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede* (Johannesburg, 1984), pp. 123-169.
31. *Citizen*, 16-6-1993, p. 4.

persent van die swart kinders onder vyftien jaar teenoor 23 persent van die blankes. Hierteenoor was daar in 1993 heelwat onder eenmiljoen blanke kinders op die laer- en hoërskole van die RSA. Dit is die rede waarom Mandela hom bekla het dat die leerplanne nie die behoeftes van die swart gemeenskap weerspieël nie. Die getalle dui daarop dat 'n komende swart ministerie van onderwys hom die morele reg sal toeëien om 'n Afrikabeeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te ontwerp.

Tot op datum het die ANC hom nog nie amptelik oor geskiedenisleerplanne in 'n nuwe Suid-Afrika uitgelaat nie. Moontlik sal daar in die oorgangstyd van 'n nasionale eenheidsregering met die oog op versoening en begrip, nie 'n drastiese verandering aan inhoude aangebring word nie. Wat in die 21ste eeu sal gebeur, kan maar net geraai word. Intussen word landswyd met die probleme van die geskiedenis geworstel met die oog op die bemeestering daarvan. Dit blyk onder andere uit talle konferensies,[32] o.a. twee in Julie en November 1993, waarby die "Georg Eckert-Institut für Internationale Schulbuchforschung" by die Universiteit van Kaapstad se "School of Education" betrokke was. Daar is hulle ervaringe met skoolgeskiedenisboeke uitgewissel met die probleme wat die RSA tans op hierdie terrein ondervind. Gematigheid is bepleit en teen oorreaksie en eensydigheid met die opstel van nuwe leerplaninhoude gewaarsku. Dit met die oog op die vermyding van foute wat met geskiedenisonderrig onder die apartheidstydperk begaan is. Dit lyk of hierdie advies in verband met toekomstige leerplanne in die skrywe van skoolboeke deur die nuwe Departement Nasionale Opvoeding van die ANC in die praktyk toegepas sal word. Wanneer presies, weet niemand nie, moontlik eers in die 21ste eeu. Die rede is dat dit baie tyd sal neem om leerplanne en nuwe skoolboeke op te stel.

Of multikulturaliteit in 'n multi-etniese samelewing daarin voldoende erken sal word, op grond waarvan 'n multiperspektiwiese geskiedenisonderrig aangebied sal kan word, is in 1994 net so onseker as die vraag of daar slegs een leerplan vir alle skole sal wees, en of 'n hele aantal leerplanne (altesame nege), met die oog op die bevrediging van streeksbehoeftes toegelaat sal word.

---

32. Vgl. bv. die "History Education Group" van die Universiteit van Kaapstad se "School of Education", *History matters debates about a new history curriculum for South Africa* (University of Cape Town), 1993.